# 183. LOFSING YAHWEH, BUIG VOOR HOM NEER

```
    A                     E          A
1.  Lofsing Yahweh, buig voor Hom neer;
       D          E        A
    bewys aan Hom die eer!
    A
    Laat elke mond Hom loof en prys
    A                     E
    Yahweh erken as God, Yahweh erken as God
        A                E       A
    en Hom, Yahweh, erken as God.

    A                   E        A
2.  Lof aan Yahweh, verheerlik Hom;
          D      E       A
    wees vrolik, juig en sing!
    A
    Laat al wat leef Hom dank en prys,
    A                             E
    aan Yahweh hulde bring, aan Yahweh hulde bring
        A                 E      A
    aan Hom, Yahweh ons hulde bring.

    A                 E        A
3.  Lofprys Yahweh, besing Sy Naam –
       D        E     A
    Sy hele skepping juig.
    A
    Laat almal saam Hom eer betoon
    A                             E
    en voor hul Koning buig, en voor hul Koning buig
        A                E       A
    en voor, Yahweh hul Koning buig.
```